

Inhoud Hierdie preek wys dat die dier uit die aarde in Openbaring 13 is dierlike godsdiens. Afgodsdiens is altyd dierlike godsdiens want dit wil God nie liefhê nie, maar God se krag, mag, planne en wil mense se eie krag, mag, planne en wil maak. Die mag van die Bose vir hierdie dierlike godsdiens is pastore, predikante en priesters. Hulle mag is altyd om magtige gemeenskapsleiers se magtigheid te verteenwoordig. Hulle kan herken word as geestelikes wat soos Jesus wil lyk maar soos die duiwel praat as hulle preek: hulle probeer Jesus se liefde uitbeeld maar praat altyd oor goddelike krag en mag. Hierdie geestelikes verplig mense om die merk van die dier te dra: om te leef en te dink soos die dierlike magtiges dit wil hê. Hiervoor maak hulle geestelike magsbeelde op wat hulle met herlewings lewendig maak en met wonders mense van oortuig. Gelowiges leef en dink volgens die liefde van die Vader en Seun en ken hierdie dierlike godsdiens altyd as die mag van die Bose, nie as godsdiens nie.

Liturgie 1. Ps. 147 tweede melodie verse 1 -3; evangelielesing 1 Joh. 4: 9-10, 13-16. 2. Lied 508 verse 1 en 2; Wetslesing 1 Joh. 5: 1-5. 3. Lied 431 verse 1 en 2; 4. Ps. 5 verse 1 – 5.

Skriflesing Deuteronomium 6: 1-9; Mat. 4: 1-11; Open. 12: 17; 13: 8-18; 14:1

Teks 14:1 Toe het ek die Lam op Sionsberg sien staan en by Hom honderd vier en veertig duisend mense met sy Naam en sy Vader se Naam op hulle voorkoppe geskrywe.

Tema Christus het ons gemerk. Daarom kan ons die merk van die Bose op predikante en pastore raaksien

1. Ons gaan vanoggend na nog 'n mag van die duiwel kyk. Verlede week het ons gesien sy mag is goddelose mense wat openbare gesagsposisies en die wette van die land gebruik om mense te dwing om godloos te leef. Dit is werklike boosheid. Daar is nog 'n mag van die duiwel waardeur hy mense dwing om godloos te leef.

Hierdie mag van die Duiwel is valse godsdiens. Valse godsdiens is ook werklike boosheid

Valse godsdiens is die tipe geestelikheid of spiritualiteit wat uit die aarde uit opkom. Johannes noem hierdie valse godsdiens of geestelikheid wat uit die aarde uit opkom, die ander dier. Die dier wat uit die aarde uit opkom, is die afgodsdienste van die wêreld. Afgodsdiens is dierlike godsdiens.

Ons het in die vorige verse gesien dat die dier uit die see is die goddelike mag van volkere, nasies en stamme wat ontstaan uit die mense se sondige geaardheid. Hulle glo hulle kry goddelike mag deur die openbare gesagsposisies wat die Here in gemeenskappe skep.

Die dier uit die aarde is ook 'n dier, nes die dier uit die see, maar nou gaan dit oor die dierlikheid van godsdiens. Al twee is dierlik, maar tog is hulle anders. Dierlike godsdiens is godsdiens waardeur mense God se goddelike naam, lewe, mag, krag en sy wil as hul eie naam, lewe, mag, krag en wil toeëien. Hierdie selfbemagtiging van mense met en deur God se goddelikheid, is die dierlike geestelikheid van die aarde – afgodsdiens.

Afgodsdiens is mense se poging om deur gebede tot, offers vir God en toewyding aan God, deel van God se goddelike naam, lewe, mag, krag en wil te word. Dit is hoe hierdie dierlikheid van die dier uit die aarde van die dierlikheid van die dier uit die see verskil. Die een wil goddelike mag en krag hê deur die posisie van die regering en die gemeenskap. Die ander wil goddelike mag en krag hê deur gebede, offers en toewyding aan God.

2. Daarom is die mag van die boosheid nie toordokters, demone, geeste en hekse nie. Die mag van werklike boosheid is pastore, dominees, rabbi's en priesters. Dit is hoe die apostel Paulus dit ook vir ons wys in 2 Korintiërs 11: 13 tot 15: "Sulke mense is vals apostels; hulle gaan oneerlik te werk deur voor te gee dat hulle apostels van Christus is. En geen wonder nie! Die Satan self doen hom voor as 'n engel van die lig. Daarom is dit ook nie snaaks dat sy dienaars hulle voordoen as mense wat God se wil doen nie. Aan die einde sal hulle kry wat hulle vir hul dade verdien." Daarom kan Johannes die Jode en hulle noem "mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maat tot die sinagoge van die Satan behoort." Open. 2: 9

Die kinders!

Daar is baie gedrogkarakters op die rekenaarspeletjies wat julle speel. Dit is gedrogte met horings, sterte en groot kragte wat baie keer voorgehou word as die duiwel en sy demone. As daar een van hierdie afskuwelike gedrogte wat julle op die rekenaarspeletjies altyd moet doodskiet of van weggom in die werklike lewe sien, sal julle na so gedrogkarakter luister as hy vir julle sê wat om te doen? Nee! Julle sal so vinnig as moontlik van so 'n gedroggie weghardloop.

Nou dink julle die Duiwel sal so iemand vir jou stuur as hy wil hê jy moet iets verkeerds doen? Nee! Nooit nie, want jy sal mos nooit vir sulke gedroggies luister nie. So? Wat stuur hy vir jou om na te luister. Hy stuur vir jou 'n pastoor, 'n dominee of 'n priester! Mense wat lyk soos die engele van die lig! Hy stuur vir jou 'n predikante wat deur die Bybel vir jou verkeerde goed leer.

3. Nou hoe weet jy wanneer is 'n pastoor of 'n dominee hierdie dier uit die aarde?

Dit is eintlik verskriklik maklik. Kyk hoe wys die apostel Johannes vir ons wie is die dier uit die aarde: "Hy het twee horings gehad soos 'n lam s'n, maar hy het gepraat soos 'n

Christus het ons gemerk. Daarom kan ons die merk van die Bose op predikante en pastore raaksien

draak.” 13: 11. In ons taal van vandag sal ons sê: Hulle maak altyd asof hulle soos Jesus lyk, maar wanneer hulle preek of leer dan hoor jy die duiwel praat.

Hoe hoor 'n mens die duiwel praat?

Dit is baie maklik. Kyk hoe praat hy met die Here in Matteus 4! Hy praat altyd met Bybelversies. Hy haal die Bybelversies aan wanneer hy met Jesus praat: “Daar staan mos geskrywe: Hy sal sy engele oor jou opdrag en: Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voer teen 'n klip stamp nie.” Die duiwel gebruik Psalm 91 vers 11 wanneer hy met die Here praat.

Hoe praat hy met Bybelversies?

Hy gebruik Bybelversies om mense te oortuig dat hulle goddelike krag en mag kan kry. Wat noem die Bybel hierdie goddelike kragte en magte wat mense wil hê? Dit is sonde! Die duiwel het al vir Adam en Eva gesê dat hulle net soos God kan wees: met al sy goddelike kennis, lewe, krag en mag.

Wat leer die Here ons regtig deur die Bybel? Hoe om goddelike krag, lewe en mag te kry of hoe om God ons liefhet en hoe ons Hom volgens sy wet kan liefhê?

Dit is so maklik soos dit!

Wanneer pastore en dominees probeer wys hulle lyk soos Jesus, die Lam, hulle praat so saggies en mooi soos Jesus, hulle is so liefies met jou soos Jesus, hulle is so goed vir jou soos Jesus, maar as hulle begin preek en praat hoor jy die duiwel! Hulle gebruik die Bybel om jou te oortuig jy kan goddelike kragte, magte en lewe kry. Die duiwel praat so deur hierdie predikers wat maak asof hulle soos Jesus lyk: “Jy moet jou lewe oopmaak sodat god met sy krag en lewe binne in jou kan inkom!” “Wanneer jy God binne in jou lewe innooi, sal jy deel word van die lewe, die krag en mag van God binne in jou!” “Jy moet god se Gees in jou lewe kry sodat jy met die krag en mag van God se Gees kan begin leef!”, “Wanneer jy God se krag in lewe kry sal jy God se drome begin droom, God se visioene sien, sal jy God se planne ken en sal jy met die outoriteit van God leef!”

Hierdie pastore en dominees is die dier uit die see! Wat sê die Here vir ons in sy Woord? Hoe ons so kragtig en magtig soos God word wanneer God ons lewe oorneem of hoe Hy vir ons lief het, vir ons sondes sterf en ons Hom mag liefhê?

Watter een klink vir jou soos die stem van die draak en die stem van die Lam? Die stem van die Lam vertel ons hoe lief God ons het en al ons sondes weg was! Die stem van die draak vertel ons hoe ons deel van God se lewe en krag moet word!

Christus het ons gemerk. Daarom kan ons die merk van die Bese op predikante en pastore raaksien

4. 'n Ander manier om hierdie dier uit die aarde raak te sien, is om te sien waar kry hulle hul gesag vandaan? Wat maak dat hulle belangrike pastore en dominees is na wie mense moet luister?

Kyk wat wys die apostel Johannes vir ons: "Hy oefen al die gesag van die eerste dier namens hom uit." 13: 12 Wat hierdie geestelikes belangrike mense maak is, nie die Woord van die Here nie. Dit is die mag van die dier uit die see! Dit is die mag van goddelose politieke en gemeenskapsleiers wat hierdie pastore en dominees belangrike mense maak.

Wie was die belangrike geestelikes, pastore, dominees, rabbi's en priesters in Suid Afrika voor 1994? Dit was die geestelikes wat gesê en gepreek het dat apartheid kom uit die Bybel. Wie is die belangrike geestelikes na 1994? Dit is hulle wat preek dat burgerlike versoening kom uit die Bybel uit!

Wat maak hulle so belangrik? Nie die prediking van die geboorte van God en die getuigenis oor die Here se sterwe en opstanding uit die dood nie. 12: 17. Dit is die mag van die regering en openbare instellings wat hulle só belangrik maak.

So? Hoe sien 'n mens die dier wat uit die aarde opkom? Jy sien dat as pastore en dominees belangrike mense is omdat hulle namens die beleid en die wil van regerings en gemeenskappe praat. Wanneer hulle graag saam met goddelose wêreldse leiers gesien en saam met hulle op foto's wil wees. Hulle is nie meer belangrik omdat hulle vir gelowiges die Woord van die Here preek nie: die geboorte van God en die evangelie van Jesus.

5. Hierdie geestelikes van die duiwel verplig mense om die merk van die dier uit die see te dra.

Wat is hierdie merk van die dier uit die see?

Dit kan ons net ontdek as ons sien watter merk die kinders van die Here dra en hoe dra hulle hierdie merk. Hierdie merkteken word vir ons in Deuteronomium 6 verse 1 tot 9 beskryf. Die Here sê hier vir die Israeliete dat hulle volgens die geboorte van die Here moet lewe (vers 1) en dat die geboorte van die Here altyd in hulle gedagtes moet bly. (vers 6) Dan sê die Here dat ons sy geboorte as 'n herinneringsteken op ons hande moet vasbind en as 'n merk op ons voorkoppe moet dra. Dit beteken dat alles wat ons met ons hande doen, moet ons gehoorsaamheid aan die Here se geboorte wys en alles wat ons dink moet wys dat ons altyd volgens die Here se geboorte in en met ons gedagtes besig is. Die sin: skryf dit op jou deursigbare en op jou stadspoorte beteken ons moet ons gesinslewe en ons gemeenskapslewe volgens die geboorte leef.

Christus het ons gemerk. Daarom kan ons die merk van die Bese op predikante en pastore raaksien

Die merkteken wat Christene dra is volgens Openbaring 14:1 die Naam van die Seun en die Vader. Hoe wys ons lewe en ons gedrag dat ons die Naam van die Seun en die Vader dra? Dit wys in liefde. Ons wat in die Naam van die Seun en Vader leef, leef in die liefde dat Hy vir ons gesterf het om al ons sondeskuld en oordeel weg te vat en ons in die liefde van God die Vader in te sluit. Daarom wys ons lewe en gedrag dat ons nie skuldig en veroordeeld voor God leef nie. Dit wys ook dat ons sonder vrees die geboorte van God onderhou want hierdie geboorte kan geen straf of oordeel oor ons as kinders van God die Vader en die Seun bring nie. Ons lewe wys dat ons liefde ken en met al ons dae en gedagtes met liefde besig is. Dit is ons merkteken as Christene. Ons gedagtes en dae wys dat ons in God se liefde leef en aan liefde dink en doen.

6. Die merk wat afgodsdienste mense verplig om te dra is die getal 666. Hulle wys met hulle lewenswyse en hul gedagtes die getal 666.

Wat is hierdie getal 666 wat afgodsdienste mense verplig om te dra?

Dit is eintlik baie eenvoudig. Johannes sê dat 'n mens wysheid nodig het om te weet wat hierdie getal beteken. Hierdie wysheid is nie diep misterieuse goddelike geheime nie. Dit is die wysheid wat 'n mens moet hê volgens Johannes om die getal 666 van die dier uit die see te kan ontsyfer.

Hierdie wysheid is die gebruik van die Jode gewees van die alfabet as syfers. Hulle het nie 'n alfabet en syfers gehad nie. Die Hebreeuse alfabet soos a,b,c,d was terselfdertyd ook gebruik as syfers. So 'n a kon of a of 1 wees, b kan b of 2 wees en c kan c of drie wees. Wanneer jy dan die Griekse twee woorde "keiser Nero" met die Hebreeuse alfabet vervang, dan is die getal waarde van die woorde "keiser Nero" 666.

Drie keer 6 het weer die simboliese waarde van amper soos God. Want die getal 7 is in die boek Openbaring die getal wat die volheid van God aandui. 1:20; 666 wys dan amper soos God die Vader, die Seun en die Gees. Dit gaan oor die goddelike mag wat mense wil hê soos wat keiser Nero gehad het: hy voel, dink en glo hy is alle ander mense se begin en einde, en hy is die eerste en laaste in alle mense se lewens.

So die merk van die dier is om met jou lewenswyse en jou gedagtes altyd besig te wees met die goddelike krag en mag van die keiser en al sulke tipe mense in die wêreld. Dit is mos maklik! Ons lewe en dae wys dat ons aan liefde dink en met liefde besig is. Hierdie valse kerk is besig met mag. Hulle dae en gedagtes wys dat hulle met goddelike mag besig is.

Christus het ons gemerk. Daarom kan ons die merk van die Bese op predikante en pastore raaksien

7. Die verrassing van hierdie merk wat jy moet dra, is dat die pastore en dominees mense verplig om met hulle hele lewe en al hulle gedagtes aan die mag en krag van die keiser toegewy te wees.

'n Mens sou gedink het dit is die keiser wat mense verplig om hierdie merk in hul lewe en gedagtes te dra, maar dit is nie. Ek daag u om hierdie gedeelte weer by die huis self te gaan lees en self te kyk wie is die mense wat mense verplig om hierdie merk te dra! Dit is die pastore en predikante wat mense verplig om met hul hele hart en al hul kragte aan die mag van goddelike leiers toegewy te wees.

Dit is mos maklik om hierdie verskillende merke raak te sien!

Regte predikante preek dat jou lewe en jou gedagtes, jou hand en jou voorkop, altyd met die Naam van die Vader en Seun dra. Altyd besig met die liefde van God vir ons en ons liefde vir God. Hierdie valse predikante wat soos Jesus die Lam wil lyk, maar soos die draak praat, wil dat jou lewe en gedagtes aan die goddelike mag van mense toegewy moet wees.

Hoekom sal predikers jou verplig om hierdie merk van goddeloses te dra?

Want die dier uit die see, die goddelose konings, regeerders en ampsdraers in die gemeenskap en die goddelose predikers is almal met een en dieselfde ding besig: goddelike mag. Regeerders soek goddelike mag deur menslike wette en regeringsposisies en geestelikes soek goddelike mag deur gebed, lofprijsing, bekering en gehoorsaamheid aan God.

Die een is uit die see en die ander uit die aarde, maar al twee is dierlik, nie menslik nie. Al twee wil soos God wees, net op twee verskillende maniere. Daarom is goddeloosheid en afgodsdienste altyd met dieselfde mag besig – goddelike mag!

Daarteenoor is ons wat in die bloed van die Lam gewas is nie met ons lewe en gedagtes besig met goddelike mag nie, maar met die liefde wat die Here vir ons het deur Jesus en met die liefde wat ons vir God het deur sy wet. Ons is die gelowiges wat die geboorte van God nakom en vashou aan die getuigenis oor Jesus!

8. Nog 'n verrassing is dat dit hierdie geestelikes is wat dan niemand toelaat om te kan werk, geldmaak en te kan koop en verkoop, as mense se lewe en denke nie wys dat hulle altyd aan die goddelike mag van die keiser toegewy is nie.

Kom ons kyk na voorbeelde waar dit die geestelikes is wat jou uitsluit van die ekonomiese lewe van die gemeenskap wanneer jy nie hierdie goddelike mag van die keiser erken nie.

Dit het met Martin Luther gebeur. Martin Luther was 'n prediker wat gepreek het dat Jesus is die Lam wat vir ons sonde geslag is en dat ons in sy bloed gewas word. Daarom het hy gesê dat die pous is die Antichris. Want die pous het geleer dat mense die kerk kan betaal sodat priesters hulle sonde kan vergewe teen betaling. Die pous was 'n lam wat soos die duiwel gepraat het. Toe sê die pous dat die keiser van Europa moet vir Luther beveel om te sê hy is jammer. Hierdie keiser Karel die vyfde het met die mag van God regeer. Toe Luther nie die goddelike mag van of die keiser of die pous aanvaar nie, het hulle besluite dat in die hele Europa mag hy nie werk nie, mag niemand vir hom blyplek of kos gee nie. Die pous verplig Luther om die merk van dier te wys met sy lewe en gedagtes en as hy dit nie doen nie, mag hy volgens die wet van die keiser nooit weer enige werk aangebied word of enige kos of losies kry nie.

Dit gebeur nog die hele tyd. Voor 1994 het geestelikes die wetteloosheid van die regering goed gepraat, en wanneer jy nie die apartheidsbeleid in jou lewe en gedagtes gewys het nie, het die geestelikes, pastore en predikante besluit jy is 'n Kommunis en Kommuniste mag nie werk kry of deel wees van die ekonomie van die land nie. Wie kyk dat mense die merk dra? Die pastore en predikante wat lyk soos Jesus maar praat soos die duiwel met die Bybel.

Dit het nie na 1994 opgehou nie. Nou met jou gedagtes en jou lewe wys dat jy is met die versoening van die regering besig. Sê wie? Wie verplig jou om hierdie merk van versoening te dra? Dit is weer die pastore en predikante. Nou moet jy met jou lewe en gedagtes wys dat dit goed is dat jy nie die eerste span haal nie, al is jy die beste speler, dat jy nie beurse kry nie, al is jy die beste student. Jy moet wys dat jy so leef en dink dat dit reg is. Jy moet met jou gedagtes en lewe wys dat jy jou plaas vir die regering en eisers moet gee, anders merk hierdie geestelikes jou as 'n rassis wat nie wil versoen nie. En mense wat nie wil versoen nie, dra nie die merk van die dier nie en daarom kan nie werk, studiegeleenthede en grond kry nie.

Sê hulle wat soos Jesus die Lam lyk maar soos die draak die duiwel uit die Bybel praat!

9. Hierdie geestelikes maak altyd van die merkteken van die Here iets bespotliks sodat ons nie kan sien dat dit juis die pastore en predikante is wat mense verplig om die teken van die dier uit die see te dra nie.

Die Jode het dit al van die begin af met Deuteronomium 6 gedoen. Onthou hulle lyk soos Jesus maar praat soos die duiwel met teksversies uit die Bybel. Die Jode het gesê dat jy 'n plaatjie met die Tien Gebooie op jou hande en voorkop moet vasbind wanneer jy bid en dat jy hierdie plaatjies ook teen jou voordeur by die huis moet opsit en by die ingang van die dorp. Dan sal God jou met sy krag en mag beskerm.

Christus het ons gemerk. Daarom kan ons die merk van die Bose op predikante en pastore raaksien

Kan julle sien wat doen boosheid? Dit vat die Woord van die Here en verdraai dit van liefde na mag. Jou dade en gedagtes moet nie meer liefde wys nie. Die plaatjies met die wet op sal God se krag en mag oor jou bring!

Net so verander die boosheid van die duiwel die merkteken 666 vandag. Ons weet dit is die teken wat hulle lewe en gedagtes wys, hulle wil altyd soos Jesus lyk en soos God wees. Hulle wil altyd met God se krag en mag leef. Hulle verander dit en sê dat daar iewers mense is wat rekenaarsskyfies maak wat jy sal moet dra voor jy iets kan koop! Nou is dit mos nie meer hulle wat God se krag en die Gees se krag wil hê wat die merkteken wys nie! So probeer hulle die merkteken wat hulle dra vir ander mense wegsteek.

10. Daar is nog twee magte van hierdie pastore, predikante en priesters wat die dier uit die aarde is.

Wonderwerke en herlewing!

Hulle het 'n hele wonderwerkbedryf.

Open. 13: 13 wys dat hulle nes soos die profeet Elia selfs vuur uit die hemel op die aarde laat afkom. En dan kom hierdie kwalifikasie by. "Vir die mense om te sien." Hierdie geestelikes het 'n hele wonderwerkbedryf vir mense om te sien. Wat te sien? Dat hulle besig is met die krag en mag van God! Hulle kan God se krag en mag vrystel en bewerk met hulle magsverklarings: Word gesond! Word bevry! Word ryk! Word vergewe!

Is dit moeilik of maklik om te sien dat hierdie wonderwerkbedryf is die mag van die Bose? Dit is verskriklik maklik. Kyk hoe die Here vir ons al in die Ou Testament gewys het dat hierdie wonderwerkbedryf die mag van die Bose is: "Wanneer 'n profeet of iemand wat drome uitleê by jou kom en vir jou vertel van 'n teken of 'n wonder, en die teken of die wonder vind plaas soos hy gesê het, en hy dan op grond daarvan vir jou sê: 'Kom ons gaan dien ander gode al het jy hulle nie vroeër geken nie, al het jy hulle nie vroeër gedien nie, moet jy nie na hom luister nie. Die Here jou God stel jou net op die proef om vas te stel of jy Hom liefhet met hart en siel. Jy moet getrou bly aan die Here jou God en Hom eer, jy moet sy gebooe gehoorsaam en na sy bevele luister, jy moet hom dien en aanhang. Daardie profeet of droomuitleêr moet doodgemaak word, want hy het jou aangehits om in opstand te kom teen die Here jou God... Jy moet hierdie soort kwaad tussen julle uitroei." Deut. 13: 1-5.

Wat wil hierdie pastore en predikante hê moet jy doen as hulle wonderwerk doen? Hulle wil hê jy moet glo in mens met goddelike krag te en magte. Hulle wil hê jy moet ook 'n mens met God se krag en mag in jou lewe word. Daarom sal hulle vir jou sê na so wonderwerk wat hulle vir mense wys, dat jy moet God in jou lewe innooi, jou moet God in jou hart innooi en dan sal God sy goddelike lewe, naam, krag en mag deur jou uitlewe. Jy sal deel van die goddelikheid van God word.

Gaan hierdie wonderwerke oor die liefde van die Seun en die Vader en ons liefde volgens die Here se wet, of gaan hierdie wonderwerk om jou weg te draai van die gebooie van die Here na goddelike krag en mag? Dit draai jou weg van God se gebooie, van liefde na goddelike kragte en magte.

Hierdie wonderwerkbedryf is die mag van die duiwel wat deur die dier uit die see bedryf word: pastore, predikante en priesters.

11. Die laaste mag van die bese is herlewing. Hulle laat met herlewings dooie magsbeelde lewend word. Johannes wys ons dat geestelike herlewings is hierdie pastore en predikante wat magsbeelde van die goddelose leiers van die wêreld oprig en lewe in hierdie magsbeelde in blaas.

Die kinders, dink julle pastore en dominees kan dit doen? In dooie magsbeelde lewe inblaas sodat hierdie magsbeeld mense kan doodmaak wat nie hierdie beeld aanbid nie?

Kom ons kyk hoe doen die pastore en dominees dit met die #Imagine kampe wat oor die land vir kinders gehou word!

Die pastore en dominees wat hierdie kampe hou het 'n magsbeeld opgerig. Hulle het besluit dat hulle die geestelikes van die nuwe nasiekerk van God is. Dit is hulle magsbeeld: ons moet nou almal deel van die nasiekerk van God word. Wie se kerk is hierdie nuwe nasiekerk? Die Vader en Seun se kerk is nooit 'n nasiekerk nie. Dit is altyd almal wat gewas is in die bloed van die Lam.

Hoe blaas hulle lewe in hierdie dooie magsbeeld, die nasiekerk van God? Deur vir kinders herlewingskampe te hou. Wat gebeur op hierdie herlewingskampe? Die pastore en dominees laat die kinders dans en rondspring op gospelmusiek en dan verklaar die sanger sommer dat hulle nou die krag van God ontvang! Hulle word dan sommer net daar tydens die ronddansery met God se krag volgemaak.

Hoekom? Sodat hierdie kinders nou met God se krag na hulle dorpe toe kan terug gaan en God se kragte en magte leiers word wat die kerk en dorpe verander. Hulle moet kerke nou God se nasiekerk vir die nasie maak! Kinders moet die beeld laat praat.

En wat moet gedoen word met mense wat nie deel van hierdie kinders se nuwe nasiekerk en nuwe nasiestaat wil word nie? Hulle moet geestelike dood verklaar word en hulle moet vir die nasie dood verklaar word: nuttelose mense wat in die pad van die nasie en nasiekerk staan.

Christus het ons gemerk. Daarom kan ons die merk van die Bose op predikante en pastore raaksien

12. Ons dra nie die merk van die dier nie. Ons lewe en dade wys nie dat ons goddelike kragte en magte soek nie. Ons dra die Naam van die Vader en Seun. Ons lewe wys dat ons in God se liefde leef en aan liefde toegewy is, nie aan goddelike kragte en magte nie.

Is dit vir ons maklik of moeilik om te sien wanneer is pastore en predikante die uit die aarde en nie meer regte predikers van die Here se liefde, die evangelie nie?

Dit is verskriklik maklik.

- Hulle geestelikheid is altyd dierlik: hulle soek altyd na God se mag en krag in hulle eie lewe.
- Hulle kan net belangrik wees omdat hulle die magte van die wêreldleiers verteenwoordig. Hulle belangrikheid is nooit om die evangelie te verkondig nie.
- Hulle lyk altyd soos Jesus, maar praat altyd soos die duiwel: met teksversies wil hulle ons mislei om deel van God se lewe, krag en mag te word.
- Hulle lewe en gedagtes wys altyd dat hulle goddelike krag en mag wil hê, net soos al die goddelose magtiges van hierdie wêreld.
- Hulle is altyd met wonders besig om mense te oortuig om van liefde na God se mag en krag weg te draai.
- Hulle blaas altyd lewe in dooie magsbeeld wat hulle herlewing noem.

Hoekom is dit vir ons so maklik om die merk van die Bose raak te sien? Want ons is anders gemerk. Christus het ons deel van sy liefde gemaak en daarom kan ons sien dat goddelike kragte en magte is nie die liefde wat ons ken nie.

Daarom kan die Here toelaat dat hierdie dier maar uit die aarde opstaan. Hy sal ons nooit mislei nie. Ons ken die liefde van God en ons soek nie die goddelike magte van die dier nie.